

GELOOFSBELOFTEOFFER

Ons gemeente het deur Sy genade weer die geleentheid om geloofsbeflofteooffers te maak sodat ons kan help om God se werk in die wêreld te doen.

Johannes 20:21: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Sý missie is Óns missie.

HOEKOM EK EN HOEKOM JY?

"Sending is primêr en geheel en al die werk van die drie-enige God, Skepper, Verlosser en Saligmaker, ter wille van die wêreld, waaraan die kerk bevoorreg is om deel te neem."

"Daarom sy opdrag in Johannes 20:21: 'Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.'"

"...ons is hier omdat God ons betrek by sy sending na die wêreld. Ons moet ons taak sien as om dit wat Jesus kom doen het, voort te sit..."

Ons gebed kan wees soos Moses s'n oppad na Kanaan:

Eks 33:13 - 'As dit dan so is, sê asseblief vir my wat u planne is sodat ek kan weet wat U van my wil hê en ek dit kan doen.' (1953)/ *'If you are pleased with me, teach me your ways so I may know you and continue to find favour with you. (NIV)*

(Louis Smith en Bosch – Internet)

WAT IS 'n GELOOFSBELOFTEOFFER?

*'n Geloofsbeflofteooffer word in **geloofsvertroue** gedoen.

*Dit is 'n **belofte** deur die lidmaat waarmee hy bereid is om die Here te vertrou vir sy bydrae die volgende jaar (1 Mrt 2022 tot einde Febr 2023); en

*Dit is 'n **offer** van dank en toewyding.

Wanneer ons vir getuienis/wêreldewangelisasie gee (deur ons geld, gebed en werk), stem ons met God saam dat al die mensegroepe ("elke knie sal buig"/ al die nasies) van die wêreld in Jesus Christus moet glo en Hom moet gehoorsaam.

Om 'n Geloofsbeflofteooffer te maak, is om te glo dat God se bronne onbeperk is en dat Hy vir wêreldewangelisasie wil gee deur sy kinders. Wanneer ons dus gee, gee ons van God se onbeperkte bronne, want alles wat ons het, kom uit Sy hand.

Daarom: *"In geloof en in vertroue op die Here, dat dit moontlik sal wees, verbind ek my om een jaar lank, tot ons gemeente se fondse tot wêreld- en plaaslike getuienis by te dra. Ek verstaan dat ek nie daarvoor gevra sal word nie en dat ek nie my dankoffer of tiendeoffer hiervoor sal aanwend nie. Dit is 'n geloofsooreenkoms tussen MY en die HERE."*

HANDELINGE 1:8

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.

Vul vorm op volgende bladsy in en besorg aan Kerkkantoor.